

# VEILIG SKOOL TOE EN TERUG

## REGULASIES OOR SKOLIERVERVOER IN KAAPSTAD

'n Handleiding Vir Ouers, Skole, Voertuigeienaars en -Bestuurders.

Mei 2016

Vir meer inligting oor die reëls oor skoliervoer, stuur gerus 'n e-pos na [transport.info@capetown.gov.za](mailto:transport.info@capetown.gov.za)



CITY OF CAPE TOWN  
ISIXEKO SASEKAPA  
STAD KAAPSTAD



**TDA**  
KAAPSTAD

Die Stad Kaapstad se Owerheid  
vir Vervoer en Stedelike Ontwikkeling

## WAAROM IS DIT BELANGRIK?

Baie kinders loop gevaar om beserings op te doen of te sterf omdat hulle vervoer word in voertuie wat ondoelmatig, oorlaai of onveilig is. Die Wet op Nasionale Landvervoer skryf 'n stel regulasies – reëls – voor wat vir enigeen geld wat skoolkinders in ruil vir betaling of beloning vervoer. Dit is ouers, skole, voertuigeienaars en -bestuurders se verantwoordelikheid om saam te werk om te verseker dat ons kinders veilig skool toe en terugvervoer word.



### Het jy geweet?

'n Skoliervoerdiens word voorsien deur enigeen wat kinders met behulp van 'n voertuig skool toe en terug neem in ruil vir betaling of beloning. Indien jy 'n kontrak met 'n skool of 'n privaat reëling met ouers of versorgers het, geld die reëls in die Wet op Nasionale Landvervoer ook vir jou.

## KONTROLELYS

Kinders mag nie in bakkies, afleweringvoertuie en vragmotors vervoer word nie. Jou voertuig moet:

- Minder as 12 jaar oud wees;
- In die Wes-Kaap geregistreer en gelisensieer wees;
- Elke ses maande by 'n padwaardigheidsentrum getoets word;
- 'n Spesiale sertifikaat van 'geskiktheid' hê;
- en 'n Veiligheidsgordel hê vir elke kind, en 'n kinderstoeltjie vir elke kind jonger as drie jaar.

## 1. WENKE VIR OUERS

As jy iemand betaal om jou kind skool toe te neem, maak seker dat die persoon die reëls ken. Onthou, jou kind mag nie in 'n bakkie, afleweringvoertuig of vragmotor vervoer word nie.

**“Bly ingelig. Praat met jou kind oor wat op pad skool toe en terug gebeur.”**

### Vrae om te vra:

- Hoe oud is die voertuig?
- Is dit behoorlik geregistreer en gelisensieer?
- Wanneer laas is dit vir padwaardigheid getoets?
- Is dit duidelik gemerk as 'n voertuig wat skoliere vervoer? Hoe?
- Is daar 'n veiligheidsgordel vir elke kind, en 'n kinderstoeltjie vir elkeen jonger as drie jaar?
- Watter soort permit en noodhulpkwalifikasies het die bestuurder?
- Is daar 'n brandblusser en noodhulpkissie in die voertuig?
- Verskyn jou kind se naam op die passasierslys?
- Het die bestuurder afskrif te van elke kind se geboortesertifikaat of ID in die voertuig in geval van 'n ongeluk?
- Hoe seker is jy dat die bestuurder nie méér kinders sal ver voer as waarvoor die voertuig bedoel is nie?
- Indien die kinders in die crèche of laerskool is of spesiale behoeftes het, is daar 'n ander verantwoordelike volwassene saam met die bestuurder in die voertuig?

**“Ons kinders is kosbaar. Moenie met jou kind se veiligheid speel nie.”**

## 2. WENKE VIR BESTUURDERS

As jy kinders teen betaling skool toe vervoer, het jy die volgende nodig:

- 'n Professionele bestuurspermit (“PDP”)
- 'n Peuterbestande ID-kaart waarop die volgende inligting verskyn:
  - Jou naam
  - Jou ID-nommer
  - 'n Kleurfoto
- Die soort voertuig wat jy mag bestuur
- Die naam van die eienaar of houer van die operateurslisensie (indien dit nie jy is nie)
- 'n Noodhulpertifikaat
- 'n Kwalifikasie in gevorderde of defensiewe bestuur
- 'n Ander verantwoordelike volwassene saam met jou in die voertuig indien jy kleuterskool- of laerskoolkinders of leerders met liggaamlike, verstandelike of visuele gestremdhede vervoer

**“Elke voertuig wat vir skoliervoer gebruik word, moet 'n geldige operateurslisensie hê.”**

## 3. WENKE VIR SKOLE

Indien die skool in 'n besige straat is, moet daar 'n area uit die straat wees waar kinders veilig af- en opgelaai kan word. Ander voertuie moet bewus wees van kinders in die omgewing en weet dat hulle moet stadiger ry of stilhou.

Voertuie wat vir skooluitstappies of geleentheidsritte – soos na sportbyeenkomste – gebruik word, hoef nie 'n skoliervoerlisensie te hê nie. Tog moet die bestuurder 'n brief in die voertuig hê wat bevestig dat die kinders leerlinge van die bepaalde skool is en dat hy/sy toestemming het om hulle te vervoer.

## HOE DOEN 'N MENS AANSOEK OM 'N OPERATEURSLISENSIE?



Eienaars kan om hierdie lisensie aansoek doen by die: Provinsiale Reguleringsowerheid h.v. Bosduif- en Volstruisstraat Athlone (Elke lisensie kos R300 en bly 'n jaar lank geldig.).

## WATTER DOKUMENTE MOET SAAM MET DIE AANSOEK INGEDIEN WORD?

- 'n Skriftelike ooreenkoms met die skool, of 'n brief van die skoolhoof wat die behoefte aan die diens verduidelik, of 'n toestemmingsbrief van die ouers. 'n Afskrif hiervan moet ook altyd in die voertuig gehou word.
- 'n Beskrywing van die roete wat gebruik word om die kinders op en af te laai, straat vir straat.
- 'n Geldige belastingcertifikaat van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

Slegs bestuurders wat geregistreer is by die Provinsiale Regulerende Owerheid sal toegelaat word om kinders na en van skool te vervoer. Die houer van die operateurslisensie is verantwoordelik om enige bestuurder(s) binne 30 dae na die uitreiking van die lisensie te registreer.

Daarvoor is die volgende nodig:

- 'n Afskrif van die bestuurder se ID, rybewys en professionele bestuurspermit.
- 'n Afskrif van die voertuigoperateurslisensie.

Indien 'n voertuig onklaar raak, moet lisensiehouers om 'n tydelike plaasvervangerpermit aansoek doen voordat hulle 'n ander voertuig mag gebruik.

## BOETES



Enigeen wat 'n onwettige skoliervoerdiens bedryf, kan gestraf word, deur dat die persoon se voertuig geskut kan word. Die volgende vrystellingsfooie sal van toepassing wees: R7 000,00 om die voertuig na 'n eerste oortreding vrystel te kry; R10 000,00 om die voertuig na 'n tweede oortreding vrystel te kry; en R15 000,00 na 'n derde oortreding. Elke keer as 'n voertuig geskut word, word 'n boete van R2 500,00 per oortreding uitgereik.